ProAgri
tegnologie vir die boer
technology for the farmer

PO Box 72707, Lynnwood Ridge, Pretoria, 0040,
202B Griselda Road, Murrayfield, Pretoria
**Tel: 012-803-0667 / 0782 Cell: 079-515-8708**
**Fax: 086-458-7812**

20 Junie 2018

**Vir onmiddellike vrystelling**

Dit is met leedwese dat ProAgri moet aankondig dat Stefan van Wyk, ons hoofbemarker, jarelange vennoot, kollega en vriend gisteraand in sy slaap op ‘n plaas in die Oos-Kaap oorlede is.

Stefan laat sy vrou, Eurika, ‘n seun en vier dogters agter. Hy was 58 jaar oud. Ons dra ons innige simpatie aan die familie oor.

Stefan se dood laat ‘n groot gaping in ons harte en werksaamhede. Hy was wyd bekend in die hele landbougemeenskap en het ‘n langstaande verhouding met die top landboumaatskappye gehad, wat ProAgri as mediavennoot dra. Ons glo ons sal ook in die toekoms op die grondslag kan voortbou.

Sy rol as kenner en keurder van ‘n verskeidenheid beesrasse gaan ook ‘n groot leemte in die telersgenootskappe laat.

By ProAgri sal ons hom onthou as ‘n gelowige, beginselvaste mens, iemand wat hard gewerk het, diep omgegee het vir ProAgri, mense met respek hanteer het en altyd professioneel was. ‘n Staatmaker en ‘n vriend…

Die begrafnisreëlings sal later bekend gemaak word.

Uitgereik deur: George Grobler, besturende direkteur, ProAgri
Annemarie Bremner, besturende redakteur, ProAgri